

SIR GEORGE NAPIER EN DIE NATALSE VOORTREKKERS, 1838-1844

T.C. Rautenbach

Universiteit van Port Elizabeth

Sir George Napier and the Natal Voortrekkers, 1838-1844

Sir George Napier was appointed governor of the Cape because of his philanthropic sympathies and his declared undertaking to limit expenditure. After visiting the eastern districts in 1838, he decided that the Great Trek was detrimental to all of southern Africa and he undertook a wide range of relatively inexpensive measures to bring it to an end. However, all these efforts proved to be unsuccessful.

The solution of the Trek problem to which Napier gave preference viz. the annexation of Natal, was not acceptable to his superiors because of the expenditure involved. Napier nevertheless repeatedly argued in favour of this suggestion, claiming that the initial high costs involved, would prevent greater financial burdens in the long run. He pointed out that Natal eventually would have to be annexed in order to protect the blacks, and to prevent pressure from the Voortrekkers which could lead to increased tensions and perhaps war on the eastern frontier.

However, any hope of an agreement between Napier and the Trekkers was dashed when the governor received news of a Voortrekker raid on the Bhaca south of Natal in 1840. He immediately sent troops to protect the Mpondo and other black allies of the Cape Colony, and at the same time he ordered the soldiers to prevent the Volksraad from settling large numbers of Natal blacks in the area.

After the British military victory over the Voortrekkers at Port Natal in June 1841, Lord Stanley eventually sanctioned the annexation of Natal, while Napier's attitude towards the Voortrekkers hardened because of their actions against the Bhaca. He was distrustful of all their dealings with the blacks and accusing them of slavery, a few indentured blacks were freed from the custody of Voortrekkers who had returned to the Colony.

The majority of Voortrekkers being dissatisfied with the British measures taken after the annexation, eventually left Natal.

It is clear that philanthropic considerations played a far greater part in Napier's policy towards the Voortrekkers than claimed by J.S. Galbraith in *Reluctant Empire*.

Sir George Napier is as Kaapse goewerneur verkies as gevolg van sy simpatie met die filantropiese saak en sy verklaarde onderneming om uitgawes te besnoei. Nadat hy die oostelike distrikte in 1838 besoek het, het hy besluit dat die Groot Trek nadelig vir geheel suidelike Afrika was en het 'n wye reeks relatief goedkoop maatreëls getref om dit te beëindig. Al sy pogings het misluk.

Napier se voorkeur-oplossing vir die Trek, naamlik die anneksasie van Natal, het nie by sy hoofde byval gevind nie weens die hoë uitgawes wat dit sou meebring. Napier het dit nogtans herhaaldelik voorgestel deur te beweer dat die aanvanklike hoë uitgawes nog groter uitgawes in die toekoms sou voorkom. Hy het geredeneer dat Natal op die lange duur tog geannekeer sou moet word om die swart bevolking te beskerm en om te verhoed dat druk deur die Voortrekkers tot verhoogde spanning en moontlik tot oorlog op die oosgrens lei.

Enige hoop op 'n ooreenkoms tussen die Voortrekkers en Napier is vernietig toe Napier in 1840 die berig ontvang het van 'n Voortrekker-strooptog teen die Bhacas suid van Natal. Hy het onmiddellik soldate gestuur om die Mpondo's en ander swart bondgenote van die Kaapkolonie te beskerm. Terselfdertyd het hy die soldate beveel om die Volksraad te belet om groot getalle van die Natalse swartes in die gebied te vestig.

Na die Britse militêre oorwinning oor die Voortrekkers te Port Natal in Junie 1841 het lord Stanley uiteindelik tot die anneksasie van Natal ingestem. Napier se houding teenoor die Voortrekkers het verhard as gevolg van hul handelinge teenoor die Bhacas. Hy was wantrouig teenoor al hul onderhandelinge met swartes en het hulle van slawerny beskuldig. 'n Paar ingeboekte swartes wat onder die beheer van terugkerende Voortrekkers na die Kaapkolonie gebring is, is gevolglik bevry.

Die Voortrekkers was ontevrede met die Britse maatreëls in Natal en uiteindelik het die meerderheid van hulle die gebied verlaat.

Dit is duidelik dat filantropiese beweegredes 'n groter rol in Napier se beleid teenoor die Voortrekkers gespeel het as wat J.S. Galbraith in sy *Reluctant Empire* beweer.

Historici oordeel verskillend oor die redes vir sir George Napier, die Kaapse goewerneur, se optrede teenoor die Voortrekkers. C.F.J. Muller, byvoorbeeld, skryf in *Die Britse Owerheid en die Groot Trek* dat sy optrede hoofsaaklik deur finansiële, filantropiese, imperialistiese en selfs kommersiële faktore beïnvloed is.¹ J.S. Galbraith weer, verklaar in *Reluctant Empire* dat Napier slegs oënskynlik simpatie met die filantropie se saak gehad het en dat sy handelinge hoofsaaklik bepaal is deur sy pogings om die vrede so goedkoop moontlik op die oosgrens te handhaaf.² Deur na Napier in die algemeen en sy optrede teenoor die Voortrekkers in Natal in die besonder te kyk, kan uitsluitsel oor die uiteenlopende standpunte verkry word.

Napier was een van 'n groep militêre offisiere aan wie die hertog van Wellington goed bekend was. Een van sy besondere deugde was sy dapperheid, wat veral tydens sy militêre loopbaan gedurende die Spaans-Napoleontiese oorlog (1809-1811) geopenbaar is. Hy het byvoorbeeld as vrywilliger die aanslag op Ciudad Rodrigo gelei en is in so 'n mate verwond dat sy regterarm afgesit moes word. Hy is egter as dom en liggeraak beskryf en het geen ondervinding van siviele administrasie gehad voordat hy as goewerneur van die Kaap aangestel is nie.³

Napier se simpatie met die filantropiese saak in Brittanie het hom onder lord Glenelg, die Minister van Kolonies, se aandag gebring. Hy het onder meer sy swaard, wat hy tydens die Spaans-Napoleontiese oorlog gebruik het, as huldeblyk aan Dyane Tshatshu gegee wat Brittanie in 1837 saam met dr. John Philip besoek het om getuenis oor die behandeling van die inheemse bevolking aan die Kaap af te lê. Napier het daarna 'n onderhoud vir Tshatshu met Glenelg gereël wat juis op daardie tydstip op die uitkyk was na 'n gesikte goewerneur, wat die verdragstelsel aan die oosgrens met behulp van luitenant-goewerneur Andries Stockenström kon toepas. Hy moes hom egter eers van Napier se standpunte vergewis en het gevoldigk 'n aantal gesprekke met hom gevoer.⁴

Na 'n jaar aan die Kaap het Napier steeds die filantropiese saak gesteun. Aan Glenelg het hy erken dat hy foute maak, maar dat "... your Lordship will never attribute any mistake I may be guilty of, to ... any *lukewarmness* in my endeavours to carry your Lordship's liberal, humane and *philanthropic policy* into full effect ..." ⁵

Nieteenstaande sy pro-filantropiese gesindheid was Napier realisties genoeg om sy standpunt te wysig indien daar genoegsame getuenis dienooreenkomsdig was. Sy kennismaking met toestande aan die Kaap, die raad van ervare amptenare en vriende, Stockenström se ongewildheid, sy ervaring tydens sy eerste besoek aan die oosgrens gedurende 1838 en

C.F.J. Muller, *Die Britse Owerheid en die Groot Trek* (Johannesburg, 1963), pp. 106-108, 152, 157-161, 185, 225, 244, 248-249, 251-253.

J.S. Galbraith, *Reluctant Empire* (Los Angeles, 1963), pp. 144-147.

A.L. Harrington, "Napier, sir George Thomas" in die *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek*, IV (Kaapstad, 1981), pp. 412-413; W.C.E. Napier (red.), *Passages in the early military Life of Sir George Thomas Napier* (London, 1884); *The Graham's Town Journal*, 26.4.1838 (Letter from Will Simple).

4. Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad (Alle verwysings na argivale bronne verwys na die Kaapse Argiefbewaarplek): G.H. 1/117: No. 4, Napier-Glenelg, sonder datum, p. 162; *The Graham's Town Journal*, 4.11.1839 (Editorial); Z.P. 1/1/101: Ellis – Glenelg, 2.11.1837.

Z.P. 1/1/104: Private, Napier – Glenelg, 20.11.1838, p. 219. Die aangehaalde woorde is deur my gekursiveer.

berigte oor Voortrekkerlyding, het hom meer simpatiek teenoor die koloniste gestem.⁶ Dit het egter nie beteken dat hy teen die inheemse bevolking kant gekies het of dat hy die Voortrekkers bevoordeel het nie.

Die breë beleid van die Britse owerheid in sowel Londen as aan die Kaap is gedurende Napier se goewerneurskap grootliks deur finansiële oorweginge bepaal. Die oorheersende rol van die finansiële faktor is volledig deur C.F.J. Muller behandel. Hy wys daarop dat daar tot 1842 geen groot uitgawes aangegaan kon word nie as gevolg van die benarde posisie van sowel die Britse as die Kaapse skatkis. Na 1842 was die toestand beter en kon uitgawes gemaak word om 'n groter finansiële las in die toekoms te voorkom.⁷ J.S. Galbraith gaan selfs verder en beskou finansiële oorwegings as dié bepalende faktor in Napier se beleid. Napier het Glenelg dan ook voor sy koms beloof dat hy uitgawes so laag moontlik sou hou.⁸

Die enigste opdrag wat Glenelg aanvanklik aan Napier in verband met die Groot Trek gegee het, was om die inheemse bevolking van die Britse owerheid se afkeer van die Trek in kennis te stel, Voortrekker-oortreders waar moontlik te straf en om geen aanspraak van die Voortrekkers op onafhanklikheid te erken nie.⁹

Nadat Napier so spoedig moontlik na sy aankoms aan die Kaap die Groot Trek met Stockenström bespreek het, het hy besluit om 'n einde daaraan te maak. Sy redes was dat dit hoë potensiële uitgawes vir die Kaapse regering ingehou het, dat dit 'n opstand teen die Britse owerheid was, dat dit die inheemse bevolking aan uitbuiting blootgestel het en dat dit die oostelike streke van die Kaapkolonie militêr verswak het. Alhoewel hy erken het dat sekere van die Trekkers se grieve geregtig was, het hy verkeerdelik die sug na grond en die ontduiking van belastings as die vernaamste oorsake van die Trek beskou.¹⁰

Gedurende die loop van 1838 het Napier 'n hele reeks maatreëls getref om die Trek te beëindig. Eerstens het hy vooraanstaande persone soos predikante, amptenaaré en ander versoek om hul invloed te gebruik om die emigrasie te ontmoedig en die Kaapse Kerk het sy heelhartige steun aan die poging verleen.¹¹

Tweedens is persoonlike hulp aan die Trekkers verbied. Toe Jacobus Boshof, die klerk van die siviele kommissaris van Graaff-Reinet en latere Vrystaatse president, die Voortrekkers sonder toestemming besoek het, het Napier hom uit sy pos ontslaan. Reeds op 26 April 1838 en weer op 18 Oktober is die Kaapse koloniste, onder wie daar heelwat simpatie met die Voortrekkers was, gewaarsku om nie die Trekkers in Natal met kommando's teen die Zoeloës te gaan help nie.¹²

Een van die strongeste maatreëls wat Napier ingestel het om die Trekkers onder druk te plaas, was die spesiale beperkings wat hy in September 1838 op die versending van wapens en ammunisie na Natal geplaas het en ook op die verkoop daarvan in die oostelike Kaapkolonie.¹³

6. C.J.F. Bunbury, *The Life of Sir Charles* (London, 1906), p. 102; C.J.F. Bunbury, *Journal of a Residence at the Cape of Good Hope* (London, 1848), pp. vi-vii; Acc. 1415 (77), Vol. 1; Elliot – Napier, 28.4.1838; G.H. 23/12: No. 58, Napier – Glenelg, 16.10.1838; No. 77, bylae 3, Napier – Charters, 18.11.1838.
7. Muller, pp. 90-139.
8. Galbraith, pp. 144-145; G.H. 1/117: No. 4, Napier – Glenelg, sonder datum, p. 162.
9. G.H. 1/118: No. 15, Glenelg – Napier, 28.11.1837.
10. G.H. 8/6: No. 399, Stockenström – Napier, 12.3.1838; No. 381, Stockenström – Napier, 15.2.1838; G.H. 23/12: No. 33, Napier – Glenelg, 18.5.1838; No. 40, Napier – Glenelg, 22.6.1838; Z.P. 1/1/102: Private, Napier – Glenelg, 5.3.1838.
11. C.O. 5832: Government Advertisement, 26.4.1838; A. Dreyer, *Die Voortrekkers en hul Kerk* (Kaapstad, 1932), p. 4.
12. L.G. 466: Napier – [Van Ryneveld?], sonder datum, pp. 57-58; C.O. 5832: Government Notice, 18.10.1838.
13. C.O. 5832 Proclamation, 16.9.1838; 10.9.1838; Government Advertisement, 25.10.1838.

Die sending van veldkornet Gideon Joubert om die ingeboekte gewese slawe, wat saam met die Trekkers oor die grens gegaan het, terug te bring, is nie uitsluitend uitgevoer om die Trek teë te gaan nie, maar ook om filantropiese redes. Na Joubert se terugkeer met enkele ingeboektes in Februarie 1839 het Napier onder die besef gekom dat die Voortrekkers hul gewese slawe of die algemeen toegelaat het om volgens eie keuse te handel.¹⁴

Intussen het Napier, na oorleg met Stockenström, reeds in Mei 1838 aan Glenelg berig dat die oorlog tussen die Voortrekkers en die Zoeloes beëindig kon word deur 'n afdeling soldate by Port Natal te plaas. Terselfdertyd kon dit as afskrikmiddel teen die Trek dien. Napier wou dié stap reeds eerder doen, maar aangesien Glenelg dit sowel skriftelik as mondeling verbied het, het hy besluit om eers op toestemming te wag.¹⁵

Aan die positiewe kant het Napier egter ook pogings aangewend om die breuk tussen die Kaapse owerheid en die Voortrekkers te heel. Op 21 Mei 1838 het hy 'n brief aan die Trekleiers gerig waarin hy hulle belowe het dat indien hulle voor 1 Januarie 1839 na die Kolonie terugkeer, hulle nie gestraf sou word nie. Napier het tydens sy reis deur die kolonie van die emigrante naby die Oranjerivier ontmoet en hulle tevergeefs probeer oorred om terug te keer, maar aangesien hulle geen vertroue in die Britse owerheid gehad het nie, het hulle verder getrek.¹⁶

Aangesien Napier gedink het dat die Groot Trek deur ekonomiese redes veroorsaak is, het hy 'n ernstige poging aangewend om bestaande materiële grieve in die Kolonie reg te stel. Hy was van mening dat indien 'n groot deel van die ongeveer £350 000 wat die koloniste gedurende die Sesde Grensoorlog skade gely het aan hulle uitbetaal word, dit beslis die Trek sou beëindig. Ook wat die ontevredenheid oor die foutiewe opmeting van plase betref, het Napier gedink dat die boere in sulke gevalle vrygestel moet word van verdere opmetingskoste en dat hul plase gratis ooropgemeet moet word.¹⁷

Al Napier se pogings om die Trek te keer, was egter vrugteloos. Teen Oktober 1838 het hy tot die gevolgtrekking gekom dat vinnige optrede nodig was om die inisiatief te verkry. Aangesien hy verwag het dat 'n uitdelgingsoorlog tussen die Trekkers en die Zoeloes sou volg, het hy gemeen dat 'n hersiening van die Britse beleid betreffende gebiedsuitbreiding noodsaaklik was. Sy plan om beheer oor die Groot Trek te verkry en terselfdertyd 'n uitdelgingsoorlog te voorkom, het daarop neergekom dat die Voortrekkers se besit van onbewoonde grond naby Port Natal erken moet word, en die gebied dan gearnkseer en onder die beheer van 'n luitenant-gouerneur geplaas moet word. Napier het gereedneer dat Natal Britse gebied was en dat nog die Zoeloes, nog die Trekkers daardeur benadeel sou word.¹⁸

Deur hierdie voorstel het Napier sy oplossing vir die probleem m.b.t. die Voortrekkers in Natal aangebied. J.S. Galbraith beweer dat Napier ten opsigte van die anneksasie van Natal besluiteloos was. Hy grond sy bewering op 'n brief van 1 Augustus 1839 wat Napier aan sy broer Richard geskryf het en waarin hy beweer het dat indien die Britse owerheid die gebiede so ver as wat die Emigrante trek, sou koloniseer, die grense tot op die rand van alle bewoonbare gebied verskuif sou moet word. Napier mag teen die anneksasie van groot dele van Afrika gewees het, maar hy wou beslis die strategiese gebied rondom Port Natal om finansiële en filantropiese redes anneksieer. Op daardie tydstip was die amptelike Britse beleid steeds negatief teenoor Napier se anneksasie-voorstelle en hy het dus nie op die aangeleentheid

14. Muller, p. 120; G.H. 23/12: No. 53, Napier – Glenelg, 21.9.1838; No. 13, 14.2.1839.

15. G.H. 23/12: No. 33, Napier – Glenelg, 18.5.1838.

16. G.H. 23/12: No. 52, Napier – Glenelg, 1.9.1838; J.C. Chase, *The Natal Papers*, II (Grahamstown, 1843), pp. 18-19.

17. G.H. 23/12: No. 33, Napier – Glenelg, 18.5.1838.

18. G.H. 23/12: No. 58, Napier – Glenelg, 16.10.1838. G.H. 28/13: No. 77, bylae, Napier – Charters, 18.11.1838.

aangedring nie.¹⁹

In November 1838 het Napier in 'n private brief aan Glenelg verdere argumente ten gunste van die anneksasie van Natal aangevoer. Hy het verduidelik dat die Voortrekkers nie sou terugkeer nie, dat daar nie grond in die Kolonie vir hulle beskikbaar was nie en dat hulle nie bereid sou wees om as arbeiders te werk nie. As gevolg van 'n toename in getalle sou hulle druk uitoefen op die swartes tussen Natal en die Kolonie en dit sou uiteindelik tot druk op die oosgrens lei. Daardeur kon die moontlikheid van grensprobleme ontstaan wat weer hoe uitgawes kon veroorsaak. Indien Napier die Voortrekkers met wapengeweld uit die omgewing van Port Natal verdryf, sou hulle na alle waarskynlikheid dieper die binneland intrek en 'n eie staat stig, sonder dat hy dit met sy beperkte aantal soldate sou kon verhoed. Gevolglik het Napier sy oplossing vir die Groot Trek, naamlik die anneksasie van Natal, herhaal. Wat hom betref, het verdere optrede van die Ministerie van Kolonies afgehang.²⁰

Die Minister van Kolonies het na aanleiding van Napier se vroeëre versoek toestemming verleen dat 'n klein Britse mag tydelik na Natal gestuur kon word om die orde te handhaaf en vrede te bewerkstellig. Hy het dit egter duidelik gestel dat die Britse owerheid geensins van plan was om die gebied te annekeer nie. Op 14 November 1838 het Napier die nodige proklamasie uitgevaardig en op 3 Desember het die soldate by Port Natal geland.²¹

Wat die anneksasie van Natal betref, het Glenelg, alhoewel hy aanvanklik daarteen was, tog 'n besluitelose houding ingeneem en hy het om meer inligting aangaande die verspreiding van die Voortrekkers versoek. Waarskynlik het Napier se argumente hom gedeeltelik oortuig, maar die teenstand van James Stephen, die permanente onderminister van kolonies, en die swak toestand van die Britse skatkis het sy standpunt bepaal.²²

Gedurende die loop van 1839 het dit vir Napier duidelik geword dat die markies van Normanby, Glenelg se opvolger, en Stephen nie sy voorstel oor die anneksasie van Natal gaan aanvaar nie. Normanby het in April 1839 op die ongerief en uitgawes verbонde aan die besetting van Natal gewys en voorgestel dat die troepe teruggeroep word indien omstandighede dit toelaat.

Op 11 November 1839 het Napier teensinnig besluit om die soldate aan Natal te onttrek, omdat hy geen verdere teenargumente ten gunste van anneksasie kon aanvoer nie. Alhoewel die teenwoordigheid van die soldate nie die Trekker-emigrasie gestuit het nie, was hulle sending wat Napier betref, geslaagd, gesien hul aandeel in die bewerkstelliging van vrede tussen die Voortrekkers en Dingane. Indien hy niks gedoen het nie, kon dit as 'n stilswyende goedkeuring van die Trek beskou word, maar deur soldate te stuur het Napier sy afkeer van die Trek getoon. Normanby het Napier egter geen aanduiding gegee van die aard van die betrekkinge wat die Koloniale regering voortaan teenoor die Voortrekkers moes handhaaf nie.²³

Nadat Lord John Russell aan die einde van 1839 Normanby as Minister van Kolonies vervang het, het hy breedvoerige inligting oor die situasie in Natal en Napier se mening oor die wenslikheid van anneksasie gevra. Hy was nie in beginsel teen uitbreidung nie, maar wou nie gehad het dat dit tot die verdrukking van die inheemse bevolking van verhoogde uitgawes vir die

19. Galbraith, pp. 186-187.

20. Z.P. 1/1/104: Private, Napier – Glenelg, 20.11.1838.

21. G.H. 1/122: No. 83, Glenelg – Napier, 8.6.1838; G.H. 23/12: No. 90, Napier – Glenelg, 31.12.1838.

22. Muller, p. 108; G.H. 1/126: No. 153, Glenelg – Napier, 13.1.1839.

23. G.H. 23/12: No. 78, Napier – Normanby, 11.11.1839; G.H. 23/12: No. 89, Napier – Normanby, 6.12.1839.

Britse skatkis moet lei nie. Vir Napier was anneksasie op daardie tydstip nie uitvoerbaar nie, aangesien hy van mening was dat 'n groot troepemag daarvoor nodig sou wees. Die jaar van ongestoorde selfregering wat die Voortrekkers beleef het, sou hulle tot weerstand aanspoor en gevvolglik sou anneksasie huis tot hoër uitgawes lei.²⁴

Napier het 'n toegeefliker houding teenoor die Trekkers ingeneem toe dit blyk dat die kansie op anneksasie geringer word. Hy het byvoorbeeld in sy korrespondensie met Russell gemeld dat die Voortrekkers in die oorloë in Natal ingedwing is. Dit het egter nie beteken dat hy 'n apologize vir die Trekkers geword het nie, want in kantaantekeninge op 'n brief van Donald Moodie, 'n kenner van rasse-aangeleenthede, het hy geskryf dat die Trekkers geen beskerming aan die inheemse bevolking in Natal verleen nie. Aan Russell het hy herhaal dat hoe langer die Trekkers toegelaat word om hulself ongesteurd in Natal te regeer, hoe moeiliker dit sou wees om die gebied uiteindelik te anneksieer. Hy het egter gemeen dat sommige Trekkers moeg was vir die onderlinge jaloesie en tweedrag en Britse gesag sou verwelkom. 'n Groot aantal verbitterdes sou egter verder die binneland in wegtrek.²⁵

Napier en sekere handelaar-, filantropiese en imperiale drukgroepse pogings om Britse gesag in Natal te vestig, was gedeeltelik geslaagd, want op 18 Junie 1840 het Russell aan hom voorgestel dat soldate na Port Natal of omgewing gestuur word om die Britse eer in daardie gebied te handhaaf, aangesien dit deur die roekeloze optredes van die Voortrekkers vernietig is. Hy was egter gewillig om hoe uitgawes aan te gaan deur tussen 1 200 en 1 500 soldate na die gebied te stuur soos Napier aanbeveel het. Die Britse kabinet het Russell se aanbeveling in sake die besetting in Augustus 1840 goedgekeur, maar steeds geweier om die gebied te anneksieer.²⁶

Napier was nie bereid om 'n klein troepemag te stuur nie, aangesien hy van mening was dat dit 'n militêre aanval van die Emigrante sou uitlok. Hy het gemeen dat minstens 300 soldate nodig sou wees om die hawe veilig te beset. Toestande aan die oosgrens was egter te onveilig om soveel soldate te ontbeer. Napier het as 'n kompromis voorgestel dat Russell hom die geleentheid moet gee om met die Trekkers te onderhandel, aangesien hy uit betroubare bronne verneem het dat hulle bereid was om met die Britse owerheid tot 'n vergelyk te kom, mits hulle in besit van hul grond kon bly en sekere bestuursinstellinge kon behou. 'n Verdrag van vriendskap sou byvoorbeeld kon verhinder dat die Trekkers suidwaarts uitbrei en dus verhoed dat druk op die oosgrens uitgeoefen word.²⁷

Behalwe Napier het ook Russell en die Volksraad teen September 1840 besluit om toenadering te soek. Russell was ten gunste van 'n vorm van selfregering vir die Trekkers, maar onder die beheer van die Kaapse goewerneur, wat veral teen enige vorm van slawerny moes waak. Die Volksraad het versoek dat hul onafhanklikheid erken word, maar wou dieselfde voorregte as Britse burgers geniet.²⁸

Die toenaderingspogings het egter spoedig skipbreuk gely as gevolg van die Voortrekkers se strafekspedisie teen die Bhacas in Desember 1840. Ncaphayi, hul opperhoof, sowel as sommige San is van die diefstal van Trekkervee verdink. Die vergeldingsmaatreëls van Andries Pretorius se kommando het Faku, die Mpondo-kaptein, bevrees gemaak dat 'n soortgelyke lot hom sou tref. Deur middel van die Wesleyaanse sendelinge wat onder sy mense werkzaam

24. G.H. 1/132: No. 18, Russell – Napier, 23.12.1839; G.H. 1/132: No. 18, bylae, Moodie – Cape Trade Society, sonder datum, opmerkings deur Napier, p. 103.

25. Muller, p. 154; G.H. 1/132: No. 18, Russell – Napier; Moodie – Cape Trade Society, sonder datum, pp. 47–103, aantekeninge deur Napier; G.H. 23/12: No. 40, Napier – Russell, 22.6.1840.

26. G.H. 1/136: No. 92, Russell – Napier, 18.6.1840; G.H. 1/143: No. 213, Russell – Napier, 21.8.1841; Muller, p. 250.

27. G.H. 23/12: No. 52, Napier – Russell, 17.7.1840.

28. G.H. 1/137: No. 114, Russell – Napier, 5.9.1840; G.H. 28/16: Ongenummerde brief, bylae, Volksraad – Napier, 4.9.1840, pp. 507–508; G.H. 23/12: No. 67, Napier – Russell, 29.9.1840.

was, het hy die Britse owerheid om beskerming gevra. Napier, wat op daardie tydstip op Grahamstad was tydens sy tweede reis deur die oostelike distrikte, was onmiddellik hoogs verontwaardig en het die Trekkers van wredeheid beskuldig. Sonder om Russell te raadpleeg, of om die Trekkers se weergawe van die gebeure te verneem, het hy kaptein T.C. Smith met 'n afdeling soldate na die Umgazirivier gestuur om Faku te beskerm en enige Trekkeraggresie in die rigting van die Kaapse oosgrens te verhoed. M. Nathan beweer verkeerdelik dat die beskerming vir die Bhacas was. Na die Ncaphayi-voorval het Napier weer die anneksasie van Natal aanbeveel en al die argumente, veral van finansiële en filantropiese aard wat hy vanaf 1838 aangevoer het, herhaal.²⁹

'n Tweede aanverwante saak wat Napier ontstem het, was 'n besluit van die Volksraad om die swartes vir wie hulle nie werk of grond in Natal gehad het nie, in 'n gebied tussen die Umtamvuna- en Uzimvuburivier te vestig. Baie van die oorspronklike swart stamme in Natal wat uit vrees vir die Zoeloës gevlug het, het na die Voortrekkeroorwinnings oor Dingane teruggekeer en 'n plakkerprobleem geskep. In Desember 1841 het Napier dus nieteenstaande sy vorige argumente teen die besetting van Port Natal, tog besluit om kaptein Smith daarheen te stuur om bloedvergieting wat as gevolg van die Volksraad se besluite mog ontstaan, te voorkom. Napier was nou oortuig dat die meerderheid Trekkers Britse beheer sou verwelkom mits hulle hul grond kon behou.³⁰

Terwyl die Britte maatreëls vir die besetting van Port Natal getref het, het die Volksraad 'n dreigende houding ingeneem. Hulle het in 'n lang brief aan Napier hul optredes verdedig en die Britse owerheid van onkunde en die begunstiging van die swart volke beskuldig.³¹

Lord Stanley, wat intussen op 3 September 1841 Minister van Kolonies geword het, het nadat hy alle korrespondensie van die vorige jare oor Natal gelees het, besluit om die gebied nie te anneksieer nie, hoofsaaklik omdat dit 'n geruime tyd 'n las op die Britse skatkis sou plaas. Hy het Napier onregverdiglik verwyt dat hy slegs anneksasie voorgestel het, omdat hy geen antwoord op die Groot Trek gehad het nie.³²

Die oorwinning van Pretorius oor Smith te Congella in Mei 1842 het Napier voor nuwe probleme te staan gebring. Verskeie Britse kringe het hom vir die nederlaag geblameer, omdat te min soldate gestuur is. Die oorwinning wat luitenant-kolonel A.J. Cloete 'n maand later tydens die ontsetting van Smith behaal het, het Britse prestige herstel, maar Napier het opdrag ontvang om die soldate wat vir die operasie gebruik is, so spoedig moontlik na Indië te stuur. Die Voortrekkers was bevrees vir aanvalle deur die swartes nadat Cloete 'n oproep op hul samewerking gedoen het; gevvolglik het hulle veiligheidshalwe besluit om vredesonderhandelinge aan te knoop. Napier was van mening dat die swartes hul wou wreek na al die onreg wat hulle gely het. Hy het die onderhandelinge in Natal oorgelaat aan Cloete, wat die beste op die hoogte van plaaslike omstandighede was. Alhoewel Napier aanvanklik bedenkinge gehad het oor sommige van Cloete se maatreëls, byvoorbeeld die amnestie wat aan Andries Pretorius toegestaan is, het hy nadat hy volle besonderhede omtrent die situasie verneem het, Cloete se optrede goedgekeur.³³

29. B.J. Liebenberg, *Andries Pretorius in Natal* (Kaapstad, 1977), pp. 249-267; G.H. 23/12: No. 11, Napier – Russell, 22.1.1841; No. 14, Napier – Russel, 11.3.1841; M. Nathan, *The Voortrekkers of South Africa* (Johannesburg, 1937), pp. 302-303.
30. G.H. 28/17: No. 136, bylae, Besluite van die Volksraad, 12.8.1841; G.H. 23/12: No. 136, Napier – Russell, 6.12.1841.
31. G.H. 26/28: No. 116, bylae, Volksraad – Napier, 21.2.1842.
32. G.H. 1/146: No. 65, Stanley – Napier, 10.4.1842.
33. G.H. 28/19: No. 43, bylae, A.J. Cloete – Napier, 6.7.1842, p.559, kantaantekeninge van Napier; G.H. 1/149, No. 139, Stanley – Napier, 25.8.1842; G.H. 23/14, 1/149, No. 139, Stanley – Napier, 25.8.1842; G.H. 23/14, No. 156, Napier – Stanley, 23.8.1842; Chase, pp. 242-243 (*The Spectator*, 17.9.1842).

Na luitenant-kolonel Cloete se oorwinning oor die Voortrekkers in Natal, het hy Smith in bevel geplaas en na die Kaap teruggekeer. Daarna het die verhouding tussen Smith en Napier aan die een kant, en die Trekkers aan die ander kant, op 'n getwis oor allerlei sake uitgeloop, waarvolgens dit duidelik was dat die Britte die Volksraad gewantrou het. Smith het met Napier se goedkeuring geen strafekspedisies na beweerde veediefstalle teen die inheemse bevolking toegelaat nie.³⁴

Terwyl Napier voor die Ncaphayi-veldtog en die oorlog in Natal 'n mate van simpatie met die Trekkers se standpunt geopenbaar het, het hy na hierdie botsings hulle daarvan beskuldig dat hulle betrokke was by "... all the horrors of a savage and murderous strife with the natives, as calamitous to contemplate as it is impossible to check."³⁵ Indien die Trek nie gekeer word nie, sou sowel die swart stamme as die Kaapkolonie geruïneer word. Die anneksasie van Natal was die enigste wyse waarop oorlog verhoed en die inheemse besvolking teen verslaving beskerm kon word. Indien die anneksasie nie plaasvind nie, sou dit tog binne enkele jare uitgevoer moet word, waarskynlik met groter lewensverlies en met hoër uitgawes. Toekoms-tige uitgawes kon dus deur tydige anneksasie verhoed word. Napier het vertroulik aan Stanley geskryf dat Britse prestige sowel as strategiese en filantropiese oorweginge nie kon toelaat dat Natal weer aan die Voortrekkers afgestaan word nie. Finansiële oorweginge het duidelik ook by hom 'n rol gespeel. Gevolglik het hy instryd met die opdrag van Stanley nie die Britse soldate uit Natal teruggeroep nie.³⁶

Eindelik, onder die datum 13 Desember 1842, het Stanley Napier se voorstel oor die anneksasie van Natal aanvaar, nadat hy alle moontlike alternatiewe optredes oorweeg het. Drie voorwaardes is egter aan die Trekkers gestel, naamlik dat geen diskriminasie op grond van ras, afkoms, taal of geloof toegelaat sou word nie, dat geen agressie teen die swart inwoners onderneem sou word nie en dat geen slawerny in enige vorm geduld sou word nie. Stanley het Napier opdrag gegee om 'n kommissaris aan te stel om die oorname deur die Britse owerheid te reël.³⁷

Napier het besluit om advokaat Henry Cloete, die broer van kolonel A.J. Cloete en 'n lid van die Wetgewende Raad, as kommissaris na Natal te stuur. Aangesien hy wou verhoed dat die Voortrekkers uitgestrekte plase verkry, het hy bepaal dat alle aansprake op grond slegs erken sou word indien dit reeds minstens twaalf maande lank voor Cloete se aankoms bewoon of bewerk was. Spesiale voorsorg moes getref word dat grond wat aan swartes behoort, nie deur Trekkers opgeëis word nie. Die Britse reëeling betreffende grond het die Voortrekkers, wat dit moeilik gevind het om hul plase gedurende die tydperk te bewoon, gegrief sodat hulle spoedig gedreig het om te trek.³⁸

Die opstandige wyse waarop die Trekkers Cloete ontvang het, hul ontkenning van enige Britse gesag oor hulle en die dreigemente van die Transoranje-Trekkers het Napier woedend gemaak. Hy het 'n meesteraanvalsplan uitgewerk waarvolgens hy enige verdere weerstand wou beëindig. Sy plan was om troepeversterkings vir Natal te verkry. Daar sou dan 150 berede manskappe en 400 voetsoldate tot sy beskikking wees. Terselfdertyd wou hy die Griekwa-kaptein Andries Waterboer en Adam Kok III vra om te help met so 'n groot moontlike aantal manskappe. Hierdie mag wou hy dan met infanterie versterk, terwyl luitenant-goewerneur John Hare die oosgrens sou beveilig en teen binnelandse opstand in die oostelike distrikte sou waak. Napier se plan was om self oor Philippolis, Modderrivier en die Drakensberg met die

34. G.H. 28/21: No. 49, bylae 2, Smith – Napier, 30.3.1843; No. 105: bylae, Smith – Napier, 17.5.1843; G.H. 23/14: No. 221, Napier – Stanley, 11.11.1842.

35. G.H. 23/14: No. 137, Napier – Stanley, 18.7.1842.

36. G.H. 23/14: Confidential, Napier – Stanley, 25.7.1842; Muller, pp. 123-139.

37. G.H. 1/151: No. 186, Stanley – Napier, 13.12.1842.

38. G.H. 28/22: No. 118, bylae 2/d, private and confidential, Cloete – Napier: bylae b, private and confidential Cloete – Napier, 4.7.1843; G.H. 23/14: No. 105, Napier – Stanley, 22.6.1843.

tweede groep teen die Natalse Trekkers op te ruk. Hy het verwag dat min Trekkers aan so 'n knyptangbeweging sou ontvlug. Enige vlugtelinge sou deur vyandelike swartes onderskep word wat elke man, vrou en kind om die lewe sou bring. Napier het gehoop dat die Trekkers tot hul sinne gebring kon word sonder die verspilling van bloed, maar hy was vasberade om deur geweld so 'n voorbeeld van die opstandelinge te maak dat daar nooit weer 'n opstand teen die Britse owerheid sou plaasvind nie en as afskrikmiddel het hy ondertussen 200 soldate na Natal gestuur. Hierdie plan van Napier, in sy eie handskrif opgestel, toon dat hy bereid was om 'n duur militêre optrede in die binneland te loods om die Kaapse oosgrens te beveilig. Dit is ook duidelik dat hy die inheemse bevolking wat verder weg van die Kaapse oosgrens gevwestig was, as bondgenote teen die Voortrekkers gesien het.

Die Volksraad se teensinnige aanvaarding van Cloete se voorwaardes op 8 Augustus 1843 het dit vir Napier onnodig gemaak om sy drastiese plan in werking te stel.³⁹ As 'n gebaar van toenadering het hy ds. Abraham Faure na die Trekkers gestuur om in hul geestelike behoeftes te voorsien. Terselfdertyd het die goewerneur gehoop dat Faure, wat 'n getroue ondersteuner van die Britse beleid was, die gemoedere van die groot aantal ontevredenes sou kalmeer. Die besoek was slegs gedeeltelik geslaagd, omdat die gemeente van Weenen gehoop het om 'n Nederlandse predikant uit Delagoabaaï te laat haal. Gevolglik het Faure slegs Port Natal en Pietermaritzburg besoek. In sy kantaantekeninge op ds. Faure se verslag blyk dit dat dit vir Napier duidelik was dat die Trekkers die Britse owerheid slegs geduld het vanweë die teenwoordigheid van die soldate.⁴⁰

In September 1843 het die Volksraad hul voorstelle oor die toekomstige regering in Natal aan Napier gestuur. Dit is duidelik dat hulle hul lewensbeskouings soveel moontlik probeer verskans het. Alhoewel Napier tevrede was met heelwat van die aanbevelings, het daar weinig daarvan in die praktyk tereggekom omdat die Voortrekkers Natal in groterwordende getalle begin verlaat het. Betreffende Trekkerklagtes oor die diefstal van hul vee, was Napier daarvan oortuig dat die Trekkers beroof word uit weerwraak, omdat hulle eerste die swartes se vee afgeneem het.

Aangesien al die Trekkers, as gevolg van die botsings met die Zoeloës, nie hul grond onafgebroke kon bewoon en bewerk het voor Cloete se komste nie, het dit beteken dat die meeste Trekkers hul aanspraak op hul eiendom moes verbeur. Napier kon die saak nie sonder die goedkeuring van die Britse regering wysig nie, met die gevolg dat al meer Trekkers Natal verlaat het.⁴¹

'n Saak wat Napier woedend gemaak het, was dat enkele teruggekeerde Voortrekkers ingeboekte swart kinders uit Natal saamgebring het. Op 7 September 1843 het hy 'n proklamasie uitgereik waarin hy verklaar het dat hy dit as 'n vorm van slawerny beskou het en dat hy vasberade was om die oortreders te vervolg. Alhoewel die beskuldigdes bewyse voorgelê het dat die kinders deur landdros J.P. Zietsman van Pietermaritzburg ingeboek is, het Napier in kantaantekeninge verklaar dat hulle slawerny bedryf het. Die verklarings van Coenraad Frederick Scheepers, Willem Jacobus Scheepers en Johannes Abraham Scheepers dat hulle reeds in 1841 uit Natal na Olifantshoek teruggekeer het omdat hulle nie aan die oorlog teen die Engelse wou deelneem nie, het nie as versagting gedien nie. C.V. Buchner, J.A. Vogel, W. Landman, H. Zietsman en Gert en Jacobus van Rooyen het verklaar dat hulle die ingeboektes tydens die Beeskommmando ontvang het, omdat Pretorius Mpande oorreed het om nie volgens Zoeloegebriuk al die vroue en kinders te dood nie. Gevolglik het Nongalaza, Mpande se aanvoerder, alle weeskinders en kinders wat in die veld gekry is, aan die Trekkers gestuur. Buchner het verder verklaar dat die kinders hulle nie wou verlaat het nie toe hulle na die

39. Acc. 1415 (77), Vol. I: Memorandum by Napier, ??1843, pp. 92-99; Liebenberg, pp. 348-355.

40. G.H. 28/25: No. 51, bylae 4/a, Faure – Montagu, 4.1.1844, p. 517, aantekeninge deur Napier.

41. G.H. 28/23: No. 226, bylae, Volksraad – Cloete, 4.9.1843, pp. 793-819, aantekeninge deur Napier.

Kolonie teruggekeer het. Napier het nie 'n woord hiervan geglo nie, maar volgehou dat dit 'n vorm van slawerny was.⁴²

Uit bostaande is dit duidelik dat Napier steeds 'n oortuigde filantrop gebly het. Sy houding staan in skerp kontras met dié van G.M. Brunett, 'n vrederegter van Uitenhage, Henry Cloete en ander Britse amptenare. Wat sy beleid teenoor die Transoranje betref, het hy grootliks die raad van die filantrop dr. John Philip gevolg.⁴³ Wat Natal betref, was dit sy mening dat die Voortrekkers slegs onderdanig was omdat hulle besef het dat die Britse soldate nie enige teenstand sou duld nie. Hy was verder van mening dat die probleme rondom die Groot Trek lankal reeds deur die gebruik van soldate opgelos kon gewees het. Op 18 Maart 1844 het Napier sy amp neergelê en op 1 April 1844 het hy die Kaap verlaat.⁴⁴

Alhoewel Galbraith in *Reluctant Empire* die geskiedskrywing verryk, oorvereenvoudig hy die geskiedenis as hy ontken dat Napier ook deur filantropiese motiewe beïnvloed is. Die teenstrydigheid in Napier se optrede kan verklaar word as daar in gedagte gehou word dat hy 'n groter mate van simpatie met die inheemse bevolking verder weg van die Kolonie geopenbaar het as met dié nie-blankes, met wie hy in direkte aanraking gekom het. Hy het die Voortrekkers ongetwyfeld as aggressors beskou wat die inheemse bevolking verdruk en verslaaf het. Teenoor die noodlydende Trekkers in Natal kon hy aanvanklik 'n mate van simpatie openbaar, maar die aanval op die Bhacas was syns insiens onvergeeflike agressie. Vanaf daardie oomblik het die Trekkers geen simpatie meer van hom ontvang nie. Noodwendig het dit ook 'n bedreiging vir die sensitiewe Kaapse oosgrens ingehou wat weer verhoogde uitgawes kon veroorsaak. Sy vele aantekeninge op 'n reeks dokumente getuig dat Napier veel meer as net die vrede aan die Kaap wou bewaar het. Hy was 'n imperialis, wat so gou moontlik die Trek onder beheer wou bring. Om dit te bereik, het hy vanaf 1838 die anneksasie van Natal voorgestaan. Die enkele keer wat hy nie bereid was om te anneksieer nie, was omdat die Britse regering hom as gevolg van finansiële redes nie van genoeg soldate kon voorsien het om dit sonder risiko te laat plaasvind nie. Oor die wenslikheid van anneksasie het Napier nooit getwyfel nie. Muller se weergawe van Napier se motiewe is dus korrek.

42. G.H. 8/12: No. 121, bylae, Brunett – Hudson, 13.11.1843, bylaes, verklarings van C.F. Scheepers en W.J. Scheepers, 4.11.1843; No. 129, bylae, Brunett – Hudson, 12.12.1843, verklarings van C.V. Buchner, J.A. Vogel, W. Landman, H. Zietsman, G. van Rooyen en J. van Rooyen, 15.12.1843, aantekeninge van Napier.

43. C.O. 5102: Montagu – Philip, 2.9.1843.

44. Acc. 1415(77), Vol. I: Napier – Jack [John Napier?], 2.3.1844.